LES 1: TOETREDE TOT DIE "NUWE VERBOND"

Genesis 17: 1-27 handel oor die besnydenis wat 'n teken is van die Ou Verbond. Dit het gedien as bewys vir elke generasie van Israel dat die beloofde Messias deur die saad van Abraham sou kom omdat Abraham getrou was aan Yahweh. Toetrede tot die Verbond met die Messias kon slegs deur die saat van Abraham geskied. Die saad van Abraham deur Isak alleenlik en nie die ander nasate van Abraham nie.

1.1 Die besnydenis het 'n tweevoudige doel gehad.

1.1.1 'n Teken van die verbond tussen Abraham en Yahweh; dat die bloedlyn van die Messias deur Abraham se seun Isak sou loop.

1.1.2 Die wet van rein en onrein, soos beveel in *Lev 12:3 "En op die agtste dag moet hy aan die vlees van sy voorhuid besny word."*

'n Verbond is 'n plegtige eed wat deur twee partye gesluit word. 'n Eertydse bloedverbond seremonie het 9 stappe ter goedkeuring (Luister na die "Blood Covenant" preek op die webtuiste www.coYHWH.com). Die derde stap van die seremonie is om die dier(e) wat geoffer gaan word in die middel deur te sny en dan in 'n agt-vormige patroon deur die stukke te loop. Die twee partye wat die verbond sluit staan aangesig tot aangesig sodat die verbond gefinaliseer kan word. Abraham het nie die verbond met Yahweh gesluit deur te loop deur die gehalveerde diere offers nie. Dit was 'n *"rokende oond en vurige fakkel"* (Yah, Yahweh die Vader en Yahshua, Yahweh die Seun) wat deur die stukke beweeg het. Dit wys dat Abraham geweet het dat hy, as mens, die verbond nie ten volle met Yahweh sou kon nakom nie. Daarom het hy sy vertroue in die Vader en Seun geplaas om die verbond namens hom te sluit; net soos hy vertrou het dat die Almagtige Vader in die midde sou tree toe hy sy seun Isak opgeoffer het.

Gen 15:10 En hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gedeel en die helftes teenoor mekaar gelê; maar die voëls het hy nie verdeel nie.
Gen 15:11 Toe kom daar roofvoëls op die dooie diere af, maar Abram het hulle weggejaag.
Gen 15:12 En toe die son wou ondergaan, val daar 'n diepe slaap op Abram, en kyk, skrik en groot duisternis het hom oorval.
Gen 15:17 En ná sononder, toe dit heeltemal donker was, gaan daar 'n rokende oond en vurige fakkel tussen dié stukke vleis deur.

Die Israeliete het nie Abraham se voorbeeld nagevolg nie. Hulle het gesmag na die seëninge van die verbond met Yahweh, daarom het hulle nie na Joshua se waarskuwing geluister nie. Hy het dit duidelik gestel dat, indien hulle sou sondig, daar geen vergifnis vir hul sonde sou wees nie.

Jos 24:14 - 27 Vrees dan nou Yahweh en dien Hom in opregtheid en waarheid, en verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte, en dien Yahweh.
15 Maar as dit verkeerd is in julle oë om Yahweh te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal Yahweh dien.
16 Toe antwoord die volk en sê: Dit is ver van ons, dat ons Yahweh sou verlaat om ander gode te dien;

17 want Yahweh onse Elohim, dit is Hy wat ons en ons vaders uit Egipteland uit die slawehuis laat optrek het, en wat voor ons oë hierdie groot tekens gedoen het en ons bewaar het op die hele pad wat ons gegaan en onder al die volke waar ons dwarsdeur getrek het;
18 en Yahweh het al die volke en die Amoriet, die inwoner van die land, voor ons uit verdrywe. Ook ons sal Yahweh dien, want Hy is onse Elohim.
19 Maar Josua het vir die volk gesê: Julle kan Yahweh nie dien nie, want Hy is 'n heilige Elohim, Hy is 'n jaloerse Elohim; Hy sal julle oortreding en julle sondes nie vergewe nie.
20 As julle Yahweh verlaat en vreemde gode dien, sal Hy julle weer kwaad aandoen en julle vernietig, nadat Hy aan julle goed gedoen het.
21 daarop sê die volk vir Josua: Nee, maar ons sal Yahweh dien.
22 Daarop sê Josua aan die volk: Julle is getuies teen julleself dat julle vir julleself Yahweh gekies het om Hom te dien. En hulle sê: Ons is getuies.
23 Verwyder dan nou die vreemde gode wat onder julle is, en neig julle hart tot Yahweh, die Elohim van Israel.
24 Daarop sê die volk aan Josua: Ons sal Yahweh onse Elohim dien en na sy stem luister.
25 En op dié dag het Josua met die volk 'n verbond gesluit en vir hulle 'n insetting en 'n reg vasgestel in Sigem.
26 En Josua het hierdie woorde in die wetboek van Elohim geskrywe en 'n groot klip geneem en dié daar opgerig onder die eikeboom wat by die heilige plek van Yahweh is.
27 Toe sê Josua aan die hele volk: Kyk, hierdie klip sal 'n getuie teen ons wees, want hy het al die woorde Yahweh gehoor wat Hy met ons gespreek het; en hy sal 'n getuie teen julle wees, sodat julle jul Elohim nie verloën nie.

Die probleem met die Ou Verbond was dat die Israeliete ware geloof verwerp het en hulle het dit met 'n selfsugtige begeerte na materiële gewin vervang. Wanneer die Israeliete gesondig het was daar ook geen vergifnis daarvoor nie, omdat die verbond gebaseer was op seëninge of vervloeking vir die werke van die vlees. Selfs op die Versoendag, Yom Kippur, was sonde slegs bedek, maar nooit verwyder nie. Waarom anders sou die Hoë Priester jaarliks vir dieselfde sonde brandoffers gedoen het? Op Versoendag kon die sondes van afgodsdiens, egbreek en moord nie vergewe word nie, want hierdie afskuwelike sondes het outomaties die doodstraf meegebring.

Wat het die Messias gedoen toe Hy gekom het om die wette hul volle betekenis te laat kry? Hy het die Vader se gedagtegang aan die mens bekend gemaak. Met ander woorde, vir Yahweh begin die mens se sonde in hul gedagtes. As ons kwaad is vir ons broer dan is dit so goed soos moord pleeg; as 'n getroude man of vrou lustig na 'n ander man of vrou kyk, dan is dit gelykstaande aan egbreek pleeg. Die verafgoding van geld, mense of besittings, enige iets wat ons voor die wil van YHWH sit, is afgodery.

Die Messias het dus nie gekom om die wette weg te neem nie, nee, Hy het gekom om ons te wys dat ons almal aanspreeklik is vir die doodstraf. Die Israeliete het die verbond onderteken en goedgekeur by die berg van Sinai. Elke eertydse Israeliet, deur die bloedlyn van Abraham (onthou die teken van besnydenis) het die geskrewe kode van skuld oor hulle gehad.

Kol 2:14 en die skuldbrief [Chirographon in Grieks] teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael.

Onder die Ou Verbond was daar nie 'n manier om die doodsvonnis op te hef nie. Sal Yahweh dus die hele huis van Israel laat vergaan? Nee, stellig nie! Hy het nuwe hoop deur die **NUWE VERBOND** meegebring.

Jer 31:31 Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n ***Nuwe Verbond*** *sal sluit;*
Jer 31:32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek Yahweh.
Jer 31:33 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek Yahweh: Ek gee ***My wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart****; en Ek sal vir hulle ‘n Elohim wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees.*

Duidelik verwys die Skrif nie na die Ou Verbond nie, maar ‘n Nuwe Verbond.

Heb 8:7 Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie ***plek vir ‘n tweede*** *gesoek word nie.*
Heb 8:8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ***‘n Nuwe Verbond*** *tot stand sal bring,*

Die tekortkoming met die eerste verbond was nie die wet nie. Dit was die mense. As gevolg van ‘n tekort aan geloof en vertroue in Yahweh, asook begeertes van die vlees, het hulle hulself ontneem van die Verlosser se offer wat hul sondes sou vergewe. Dit word vandag nog waargeneem by die Jode. 'n Selfsugtige trots maak hulle blind tot die fyt dat hulle waardelose sondaars in die vlees is en dat hul alleenlik Yahweh se verlossing benodig. Yahweh het dus die eerste verbond weggeneem, of eerder volbring, voordat Hy die tweede verbond daargestel het.

Heb 10:4 want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem.
Heb 10:5 Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My ‘n liggaam berei.
Heb 10:6 Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie.
Heb 10:7 Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom—in die boekrol is dit van My geskrywe—om U wil te doen, o Elohim.
Heb 10:8 Nadat Hy hierbo gespreek het: Slagoffer en spysoffer en brandoffers en sondoffers wou U nie hê en het U nie behaag nie—wat volgens die wet geoffer word—
Heb 10:9 het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om U wil te doen, o Elohim. ***Hy neem die eerste weg om die tweede te stel.***
Heb 10:10 Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Yahshua die Messias, net een maal.

1.2 Is die Ou Verbond heeltemal weggedoen?

2 Kor 3:6 wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van ‘n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend.
2 Kor 3:7 En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlikheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlikheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan,
2 Kor 3:8 hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlikheid wees nie?
2 Kor 3:9 Want as die bediening wat veroordeel, heerlikheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlikheid.
2 Kor 3:10 Want wat verheerlik was, is ook in hierdie geval nie verheerlik nie, vanweë die alles oortreffende heerlikheid.
2 Kor 3:11 Want as wat moes vergaan, met heerlikheid was, veel meer is wat moet bly, in heerlikheid.

Let wel: Die **eerste verbondsooreenkoms** was weggedoen. **Nie die Wet nie.**

Heb 8:13 As Hy sê 'n Nuwe Verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning.

Die Ou Verbond (was) besig om te verdwyn, maar is nog nie heeltemal weg nie. As dit heeltemal weggedoen was sou Juda geen hoop op verlossing gehad het nie, omdat hulle hulself onderwerp aan die Ou Verbond. Die Jode wil graag 'n fisiese tempel in Jerusalem bou sodat hulle eertydse diereoffers kan brand. Dit sal geensins hul sondes wegneem nie, maar slegs 'n bespotting maak van die Messias wat alreeds Sy lewe vir sondaars opgeoffer het.

Sag 12:10 Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind.

Met die wederkoms van die Yahshua sal die Jode besef dat hulle die Messias verwerp het toe Hy die eerste keer aarde toe gekom het om vir ons sondes te sterf. Hulle sal Hom met Sy wederkoms aanvaar en in trane hul sondes bely.

1.3 Wat is die verskil tussen die twee verbonde en verskil die Wet?

- **<u>Nuwe Verbond</u>:** 'n Verbond van geloof. Deur die geloof in Messias se offer kan ons sondes vergewe word.

- **<u>Ou Verbond</u>:** 'n Verbond van seëninge of van vervloeking. Geen vergifnis van sonde.

Hand 13:38 Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sonde aan julle verkondig word,
Hand 13:39 en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie.

Heb 8:10 Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek Yahweh: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.
Heb 8:11 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken Yahweh nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle.
Heb 8:12 Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.

Nêrens in die Skrif staan geskryf dat die wet weggedoen is nie. Die enigste gedeelte van die wet wat uit die Nuwe Verbond weggeneem is, was die gedeelte wat bygevoeg was as gevolg van sonde (Galasiërs *3:19* Levitiese wet van offers). Inteendeel, die Woord sê dat die wet van Yahweh op ons hart en verstand geskryf sal word (*Heb 8:10*). Slegs die offerande wet, insluitende die ordinansies en seremoniële wassings (mikvah in Hebreeus) wat daarmee gepaard gaan, is nie meer nodig nie omdat die Messias se opoffering dit volbring het. Waar vergifnis is, is offerandes nie meer nodig nie (*Rom 4:15*).

Heb 10:18 Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie.

1.4 **Die seremoniële wet van wassing word ook nie langer genoodsaak nie, omdat Yahshua ons volkome gereinig het van sonde.**

Heb 9:7 maar in die tweede die hoëpriester alleen, een maal in die jaar, nie sonder bloed nie, wat hy offer vir homself en vir die sondes van die volk uit onwetendheid begaan-
Heb 9:8 waarmee die Heilige Gees dít duidelik maak, dat die weg na die heiligdom nog nie geopen is so lank as die eerste tabernakel nog standhou nie.
Heb 9:9 Dit was 'n beeld met die oog op die teenwoordige tyd waarin daar gawes en offer gebring word, wat hom wat die diens verrig, na die gewete nie volkome kan maak nie,
Heb 9:10 omdat dit net bestaan het in spys en drank en verskillende wassinge en vleeslike verordeninge wat opgelê is tot op die tyd van herstelling.

Elke dag het die Priesters en Israeliete iets gedoen wat in Hebreeus "mikvah" genoem word. Dit was 'n seremoniële wassing om hulle te reinig van 'n daad wat onreinheid meegebring het, byvoorbeeld 'n siekte soos diarree en of wanneer iemand in kontak was met 'n dooie liggaam.

Lev 15:4 Elke bed waar hy op lê wat die vloeiing het, sal onrein wees; en alles waar hy op sit, sal onrein wees.
Lev 15:5 En elkeen wat aan sy bed raak, moet sy klere was en 'n bad neem en hy bly tot die aand toe onrein;

Dit was deel van die seremoniële wet. Sommige mense, veral die priesters, sou 5 of 6 keer per dag mikvah. Dit het nie hul sondes vergewe nie, maar het hul slegs herinner dat hulle sondaars is. Eenmaal per jaar, op die Versoendag, sou die Hoë Priester die Heilig van Heiliges binnetree om die sondes van Israel te bedek

Let wel, die sondes was slegs gedek en nie vergewe nie. Volgens die Torah is dit duidelik dat die straf gepas moet wees vir die misdaad; 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. Eerlikwaar, die lewe van 'n dier is nie gelyk aan die lewe van 'n mens nie.

Die doop is 'n tipe "mikvah", die mees fundamentele "mikvah". Die doop waarna hier verwys word, is wanneer 'n persoon in 'n poel van "lewende" water instap en dan hom/haarself onder die water dompel. Die doop versinnebeeld dat die persoon met die bloed van die Messias gedek word en dat 'n mens nooit weer gedoop hoef te word nie.

Johannes die Doper het mense gedoop volgens 'n tipe "mikvah". Johannes was die laaste van die profete en die laaste Ou Testamentiese leermeesters. Hy het die Ou Testamentiese "mikvah" oorbrug na die Nuwe Testamentiese doop. Net soos die "mikvah" kon Johannes die Doper nie sy hande op die hoof van 'n gedoopte persoon plaas sodat die die Heilige Gees oorgedra kan word nie. Die Heilige Gees het gekom nadat Yahshua gekruisig (aan die boom gespyker was) en opgestaan het uit die dood.

Hand 1:4 En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.
Hand 1:5 Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie.

Die Heilige Gees word beloof aan diegene wat glo aan die vergifnis van hul sondes onder die eerste verbond deur die bloed van Yahshua en wie in die naam van Yahweh gedoop word.

Dit bring ons terug na die vraag oor die besnydenis. Let wel, die besnydenis is ‘n tweevoudige wet. Eerstens, as ‘n teken van die bloedlyn van Abraham wat ons na die Messias toe bring. Dit is nie ‘n wet wat by die Sinai berg gegee was nie, maar volgens Genesis 17 kan ons slegs deur die fisieke saad van Abraham na die Messias gaan. Israeliete moes deur die besnydenis by die verbond aansluit deur hul eie bloed. Maar, noudat die Messias met ons is, is die teken van die besnydenis nie meer nodig nie.

1.5 Sluit ons by die Nuwe Verbond aan deur ons eie bloed of die bloed van die Messias?

Kol 2:11 in wie julle ook besny is met ‘n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Messias,
Kol 2:12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van Elohim wat Hom uit die dode opgewek het.
Kol 2:13 En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het,
Kol 2:14 en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,

Toetrede tot die Nuwe Verbond geskied slegs deur die bloed van die Messias!

In die Ou Verbond kon mens slegs na die Messias gaan deur fisies ‘n nasaat van Abraham te word, maar nou in die Nuwe Verbond word mens ‘n nakomeling van Abraham deur die Messias. Met die verandering van die ou na die Nuwe Verbond het die tekens van die ou en Nuwe Verbond ook verander. Vanuit die Nuwe Testament is dit duidelik dat die doop die teken van die Nuwe Verbond is en nie die besnydenis nie. Die doop is ‘n spirituele besnydenis, dit wil sê, ons neem deel aan die besnydenis van die Messias (kruisiging) deurdat ons sonde “wegesny” is en nie die voorhuid van die vlees nie.

Ons kan nie by die Nuwe Verbond aansluit deur die bloed van ons eie besnydenis nie, maar deur die bloed van die Messias by ‘n water doop. Die rede waarom die water doop so belangrik is vir toetrede tot die Nuwe Verbond is omdat dit die teken van die Nuwe Verbond is.

1.6 Is die verbond van die besnydenis dan nie verewig nie?

Ja, dit is vir die Israeliete, maar nie vir die ander nasies nie.

1.7 Die tweede rede vir die besnydenis is die Wet van rein en onrein in die Torah.

Lev 12:2 Spreek met die kinders van Israel en sê: As ‘n vrou swanger word en ‘n seun baar, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van die onreinheid as sy onwel is, sal sy onrein wees.
Lev 12:3 En op die agtste dag moet hy aan die vlees van sy voorhuid besny word.

Dit is die enigste tyd in die Skrif wat die besnydenis beveel word as wet vanaf die Berg Sinai en as ‘n deel van die Torah vir die wet van rein en onrein. Ware verbondsgelowiges moet hul baba seuntjies op die 8ste dag van hul lewe besny. Studies het bewys dat ‘n vrou se kans om servikskanker op te doen tot 50% verminder indien haar eggenoot besny is.

Wat sê Paulus van diegene wat hulself en ander forseer om besny te word as ‘n teken om by die verbond aan te sluit?

Gal 5:1 Staan dan vas in die vryheid waarmee Yahshua ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie.
Gal 5:2 Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Yahshua vir julle tot geen nut sal wees nie.
Gal 5:3 En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou.
Gal 5:4 Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Yahshua; julle het van die genade verval.

Paulus waarsku die Galasiërs dat die Messias hul niks sal baat indien hulle besnydenis in plaas van die doop aanvaar as teken vir toetrede tot die Nuwe Verbond, omrede daar geen vergifnis en redding van sonde onder die Ou Verbond is nie. Volgens die Ou Verbond, as ‘n persoon een van die wette breek, verkeer jy onder ‘n vloek en die doodstraf. Duidelik was daar geen verlossing in die Ou Verbond nie.

Deut 27:26 Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie; en die hele volk moet sê: Amen.

Die apostel Paulus het konstant die doop gepreek as teken van die Nuwe Verbond en nie die besnydenis nie.

Hand 2:37 Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders?
Hand 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Yahshua die Messias tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.
Hand 2:39 Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat Yahweh onse Elohim na Hom sal roep.

Paulus het ook gepreek dat ‘n fisiese besnydenis, as teken vir die Nuwe Verbond, nie ‘n vereiste is vir gelowiges nie.

Rom 2:28 Want nie hy is ‘n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie;
Rom 2:29 maar hy is ‘n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit Elohim.

1 Pet 3:18 Want Yahshua het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot Elohim te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees;
1 Pet 3:19 in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis,
1 Pet 3:20 wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van Elohim een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is;
1 Pet 3:21 waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as ‘n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as ‘n bede tot Elohim om ‘n goeie gewete—deur die opstanding van Yahshua die Messias.

In *Kolossense 2:11-14* het ons gelees dat die doop (water dompeling) simbolies is aan die dood van ‘n mens se sondige vlees. Die sondes van die eerste verbond het veroorsaak dat die

Messias na die aarde moes kom om te sterf vir die mensdom se sondes. Ons word dus gedoop in die dood van Messias in plaas daarvan om te sterf vir die sondes wat ons gepleeg het.

Indien daar enige persoon is wat gereinig wil wees van hul sonde deur die bloed van Yahshua, die Seun van Yahweh, moet hy of sy hul sondes bely, gedoop word in die naam van Yahshua vir die vergifnis van daardie sondes. Wanneer die gedoopte persoon vanuit die water opkom sal 'n ware ouderling van Yahshua sy hande op die hoof van die nuweverbondspersoon oplê vir die oordraging van die Heilige Gees van die Hemelse Vader. Die Heilige Gees word oorgedra deur Yahweh wat die ouderling of pastoor gebruik as instrument om Sy Heilige Gees aan die gedoopte persoon oor te dra.

Hand 8:12 Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van Elohim en die Naam van Yahshua die Messias verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.
Hand 8:13 En Simon het ook self gelowig geword, en nadat hy gedoop was, gedurig by Filippus gebly; en hy was verbaas toe hy die tekens en groot kragte sien gebeur.
Hand 8:14 En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaría die woord van Elohim aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur.
Hand 8:15 Húlle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang,
Hand 8:16 want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van Yahshua.
Hand 8:17 Hulle het hul toe ***die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang****.*

Selfs Yahshua was gedoop deur Johannes die Doper sodat alle gretigheid vervul kon word. Yahshua sal nie iets aan ons beveel sonder dat Hy dit self gedoen het nie.

Indien u sondes bely het en in lewende water gedoop wil word om by die Nuwe Verbond van ons Hemelse Vader aan te sluit, moet u asseblief met Don Esposito in verbinding tree sodat hy kan reël dat 'n geordende ouderling na u toe kan kom vir die doop plegtigheid. Onthou, die doop is noodsaaklik vir toetrede tot die Nuwe Verbond met Yahweh deur die bloed van Yahshua.

Markus 16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

<u>Kortlikse samevatting:</u>

1.) Ons is onder die Nuwe Verbond deur die bloed van Yahshua vir die vergifnis van sonde.
2.) Die doop en NIE die besnydenis is die teken van die Nuwe Verbond.
3.) Yahshua het gekom om ons te verlos van ons sonde en NIE van Yahweh se Wet nie.
4.) Ons moet 'n baba seuntjie besny op die 8ste dag volgens die Wet van rein en onrein.
5.) Die enigste wet wat bygevoeg is na die skepping was die offer wet, bygevoeg as gevolg van die sonde. Dit is die wet wat nie meer nodig is sedert die kruisiging van die Messias.

Gal 3:19 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur boodskappers beskik deur tussenkoms van 'n middelaar.

Luister na die volgende boodskappe wat op die webtuiste (www.coyhwh.com) beskikbaar is:

The Blood Covenant; Which Covenant are you under en Yahshua's everlasting covenant.